MINISTER NOMAFRENCH MBOMBO STEL DIE ISISHWESHWE REISENDE UITSTALLING BEKEND TER VIERING VAN ERFENIS

Dr Nomafrench Mbombo, Minister van Kultuursake en Sport, sal op Donderdag, 25 September 2014 die isiShweshwe residende uistalling by die Lwandle Museum in die Wes-Kaap bekendstel as deel van die 2014 Erfenis Maand vierings.

Die uitstalling bestaan uit 10 panele en 12 poppe wat in isiShweshwe materiaal aangetrek is (verskeie ontwerpe). Dit ondersoek die geskiedenis van isiShweshwe en die voorgangers van die indigo druk lap, en dit vier die aantal maniere waarop dit in die hedendaagse Suid-Afrika gedra word.

Indigo, sowel as die tegnieke wat gebruik is om dit te kleur en om mee te druk, was een van die items wat na Europe gebring is as gevolg van die 16de- en 17de-eeuse handelsroetes in die Indiese Oseaan. Die pragtige blou lap en delikate patrone het baie gewild geraak, en Europeërs het begin om die tegnieke na te maak en om "blou druk" te vervaardig, veral in die Duitse areas. Blou gedrukte lap was 'n groot produk van fabrieke toe industrialisasie en meganisaise in die 19de eeu deur Europa versprei het.

Die Europese reisigers het blou gedrukte lap uit Europa saamgebring toe hulle na Afrika gekom het. Dit is deur Europese vrouens in Afrika gedra, en was ook 'n belangrike handelsitem. Die lap was sterk, duursaam en goedkoop en dit is daarom gebruik om die slawe in die Kaap te klee. Dit is ook deur bekeerdes by sendeling stasies gedra.

Die lap was so gewild in Suid-Afrika, dat Britse tekstiel maatskappye die lap slegs vir die Suid-Afrikaanse mark begin maak het, en 'n bepaalde styl het ontwaak. In die vroeë 20ste eeu het Britse verskaffers 'n tekstiel maatskappy in Suid-Afrika gevestig, wat later Da Gama tekstiele sou word – die belangrikste vervaardiger van isiShweshwe.

Indigo gedrukte lap het aanklank by Afrikane gevind en het sy eie identiteit as isiShweshwe, amajamani, ujamani, jelmani, jereman, motoishi, Duitse sis aangeneem. Suid-Afrikaners het die nuwe mode met hul tradisionele kulturele praktyke vermeng, en hierdie kreatiewe proses gaan vandag nog aan. Isishweshwe het baie kulturele toepassings in Suider Afrika, veral tussen vrouens, en kan as 'n merker van suider Afrikaanse kulturele identiteit gesien word.

Die uitstalling vier die pragtige isiShweshwe klere, van klere wat in die straat gedra word, tot uitrustings wat diep kulturele betekenis dra. Dit ondersoek ook hoe isiShweShwe deel van die modewêreld geword het, en hoe Suid-Afrikaanse ontwerpers hierdie lap gebruik om pragtige items te skep en om hul kreatiwiteit te demonstreer.

Gebruikers van isiShweshwe gebruik die lap vir kreatiwiteit, wat konstant verander, en wat voortdurend nuwe weergawes van Suid-Afrikaanse identiteit illustreer.